# Die Son Dag

Doron beur steunend orent. Strek hom styf uit. Sy rug voel soos ‘n stuk biltong en sy hande is besig om krampe te kry. Hy neem vinnig ‘n sluk warm water uit die kruik.

“Dit is tagtig skape.” Die hoop in haar stem sny deur sy hart soos ‘n warm lem.

Leila gee vir hom die skerp skaapskêr aan. “Moenie moed verloor nie. Jy kan dit doen!” Sy buk af en begin die stomp skêr met mening slyp. Wat ‘n vrou sal sy nie vir iemand wees nie. Daar is nog hoop.

“Dit is al middagete! Kom nou, Horrelpoot... die helfte van die dag is al verby,” roep haar pa vermakerig in hulle rigting. Hy kyk rond na die ander werkers rondom hom in die olyfbome se skaduwee. Van hulle lag gedwee saam.

Maar Doron let op dat die ouer manne nie meer saamlag nie. Hy kan sien hulle frons en kyk met nuwe respek in Doron se rigting. Dit laat hom beter voel.

Tog is haar pa reg. Hy skeer vinniger as enige ander tyd in sy lewe, maar daar is eenvoudig net nie genoeg ure in die dag nie.

Hulle gaan dit nie maak nie.

Hy trek die volgende skaap nader aan die agterbeen. Die skêr se lemme begin klik soos ‘n toktokkie wat sy maat soek.

Sy gedagtes gaan terug na gister. Hy moes nooit haar pa uitgedaag het nie.

Die vernedering het te veel geraak. Sy kop hard laat raas. Sy mond laat weghardloop.

Miskien was dit die soldate wat hom geïnspireer het.

***

Doron staar bewonderend na die soldate wat verby die plaas marsjeer. Die stof dwarrel, spiese kap teen mekaar en skilde blink in die son. Die hele plaas se werkers is saamgedrom om die opmars te aanskou en aanmoedigings te roep.

Leila se pa stamp hom hard teen die skouer. “Sien jy, Doron?” Sy stem dawer soos gewoonlik oor die plaas se plein. “Dit is hoe regte mans lyk. Soldate, die trots van die volk. Dis hoe Leila se man sal wees. Groot, fiks, dapper.”

Doron hoor die ander werkers giggel. Hulle is al gewoond aan die geboelie en weet wat kom. Hy voel die warm gloed opstyg in sy nek. Soos gewoonlik bly hy eerder stil. Almal weet die plaaseienaar duld nie teëpratery nie.

“Jou skraal skouertjies sal nooit daai wapenrusting kan dra nie.” Doron skuif ongemaklik rond. Hy is pynlik bewus van sy gebreklike skewe voet. Uit die hoek van sy oog sien hy Leila laat sak haar kop moedeloos.

Hy sal hierdie keer iets moet doen. Hy voel die drif in hom opsteek.

“Ek kan Leila se hand verdien.” Hy skrik vir sy eie stemtoon. “Stel vir my enige uitdaging om te bewys ek verdien haar.” Sy tong hardloop soos ‘n wilde perd met hom weg.

“Ek sal dit voltooi of vir altyd die plaas verlaat.” Doron kyk haar pa stip in die oë. “Net wat u wil, meneer.”

Die plaaswerkers is doodstil. Haar pa tree vinnig nader. Hy lig sy vinger dreigend voor Doron se neus.

“Ek groet julle in vrede.” Doron wip van die skrik. Langs hulle sit ‘n lenige man op ‘n groot perd. Sy skild en swaard is langs die saal vasgemaak. Die wit kleed wapper sag in die wind. Sy lang staf rus dwars oor die perd se rug.

“Vrede vir u, Meneer. Ek is Agam. Dit is my plaas en my werkers.” Haar pa buig laag en almal volg sy voorbeeld. “Dit is ons eer om die gesalfdes hier te ontvang.” Selfs Agam respekteer die profeet.

“Wat hoor ek van ‘n uitdaging?” Die profeet kyk lank na Doron. Dan terug na Agam.

Agter die profeet kom die laaste soldate verby. Net ‘n paar offisiere stop by die profeet, maar hy beduie hulle moet by die soldate bly. Doron let dat hulle onmiddellik reageer, al was die bevel net ‘n lui handgebaar.

“Die vermetelde mannetjie wil sowaar met my dogter trou.” Agam grynslag. “Nou soek hy ‘n uitdaging om homself te bewys.”

“En wil jou dogter ook met hom trou?” Hy kyk rond en sy blik rus op Leila. Sy laat sak haar oë, maar haar kop knik. “Ons gebruike is mos duidelik. Die uitdaging is gestel, gaan jy dit eerbiedig, Agam? Jy mos ‘n gesiene man wat die regte voorbeeld moet stel vir al ons mense.”

“Ek... wou.... miskien...” Agam verswelg onder die stil blik van die profeet. “Natuurlik, dit was al die tyd my plan.”

“Goed so, Agam.” Hy draai na Doron. “Waarmee is jy goed, seun? Wat doen jy hier op die plaas?”

Doron staan gevries. Leila stamp hom met haar elmboog. Nou is sy tong soos ‘n steeks donkie. “Ek deug orals, meneer. Maar ek skeer skape. Elke dag.” Doron buig sy kop diep. Hy is net te bly sy stem bewe nie.

Die profeet knik sy kop en kyk weer vraend na Agam. Die stilte strek.

Agam trap ongemaklik rond. Dan sien Doron sy gesig verhelder. Sy maag trek op ‘n knop. Uit nare ondervinding ken hy die plaaseienaar maar alte goed.

“’n Goeie skaapherder kan eenhonderd skape van sonop tot sonsondergang skeer. Ons rekord hier op die plaas is eenhonderd en vyftig. Ek het dit as jong man reggekry.” Agam se vinger tik trots op sy eie bors. “So, die uitdaging is om tweehonderd skape in een dag te skeer. Ons kan dit sommer more afhandel.”

‘n Paar van die arbeiders stamp vermakerig aan mekaar. Leila se asem trek vinnig in. Die vrouens murmureer saggies onder mekaar.

Almal weet die taak is onmoontlik.

Die profeet se gesig verhard. Hy kyk lank en stip na Agam.

“Ek sien... wel, dit is jou plaas en dogter. So jy is binne jou regte.”

Agam knik ingenome sy kop.

“Maar vir so ‘n buitengewone en groot taak stel ek voor jy sit meer op die spel. ‘n Regverdige man soos jy sal dit mos maklik kan doen.”

Agam se kop knik weer, maar die keer stadiger.

“Hier is wat ek voorstel. As die seun dit regkry, gee jy vir hom die skape wat hy geskeer het, ‘n vrugbare stuk grond met water en jy bou vir hulle ‘n huis. Sweer jy dit sal so wees?”

Agam knik fronsend sy kop. Een keer.

“Mooi so, dit is dan ooreengekom.” Die profeet se perd begin aanstap, maar na ‘n paar meter trek die profeet die leisels in. Hy draai om en steek sy staf reguit na Agam. “Ek is die gesalfde. Die een wat namens die enigste God praat! Sy wil uitvoer vir die volk. Wat iemand voor my sweer is ‘n heilige verbond.”

Sy stem klink soos donderweer. Almal buig diep. Verskrik. Party is op hulle knieë.

“More moet ek die vyf konings wat teen die volk saamspan gelyktydig verslaan. ‘n Oormag.” Hy gaan sagter voort. “God is met ons. Hy sal die volk bystaan. Aan ons die oorwinning gee.”

Die profeet laat sak sy staf. “God help ons altyd. Ons moet glo in sy wonderwerke en almag.” Sy oë kyk stip na Doron. “Onthou dit, jong man.”

Sy perd spring weg en hy verdwyn in ‘n stofwolk agter die soldate aan.

***

Dit is doodstil op die plaaswerf. Net die ritmiese klik-klik van Doron se skaapskêr verbreek die stilte.  Hy laat die groot ooi gaan, en gryp die volgende een en begin skeer.

“Dis eenhonderd en sewentig!” Leila se stem is sterk. “Die meeste nog deur enige man op die plaas.” Sy kyk uitdagend na die werkers en haar pa.

“Ja dit is so, Leila.” Haar pa se stem is sag, minder spottend. “Maar kyk waar sit die son. Die tyd is amper verby. Die taak is nie volbring nie. Die reëls is duidelik.”

Doron loer vinnig na die horison. Die son raak amper aan die aarde. Uit ondervinding weet hy daar is nog net ‘n paar oomblikke van sonlig oor. So naby maar ook so ver.

Doron gryp hardnekkig nog ‘n skaap. Sy skêr klik aanhoudend.  Hy gaan werk totdat die son finaal verdwyn.

Die sweet en stof is geplak op sy gesig. Sy spiere pyn. As hy nou ophou sal hy nie weer kan begin nie. Hy bly meganies aanhou werk. Na vandag sal hy seker nooit weer vir Leila sien nie.

Hy trek nog ‘n skaap nader. Doron weet dit is die laaste een. Voor dit finaal donker raak. Hy buk moeg en sy hande werk vanself. Met nog een klaar, laat hy die skaap gaan.

Hy kyk verbaas na die horison. Die son is nog steeds op dieselfde plek. Leila kyk ook fronsend na die horison, dan vraend na hom.

Doron trek moeg sy skouers ophoog. Wel, miskien is daar nog tyd vir ‘n laaste skaap. Sy skêr begin weer raas.

Terwyl hy skeer, hoor hy die werkers begin onder mekaar prewel. Dit word geleidelik harder soos die gedruis van ‘n rivier. ‘n Paar van die vrouens begin huil en weeklaag.

Met nog ‘n skaap klaar, kyk Doron op na die horison. Die son is op presies dieselfde posisie! Om hom staar almal verstom na die horison. ‘n Hele paar van die werkers is op hulle knieë. Party bid. Sommige huil. Niemand steur hulle aan hom nie.

“Doron!” Leila trek hard aan sy arm. “Die son! Dit staan stil! Onthou die profeet se woorde... hou aan met werk. Gebruik elke oomblik!”

Doron spring met hernude ywer weg. Hy verstaan nie wat aangaan nie. Maar die nuwe hoop gee hom krag. Leila slyp ook met hernude energie.

Sy skêr sing ‘n loflied.

***

Doron krap rond in die grond met sy staf. Hy hoop hy kry weer iets. Hy is alleen hier, meeste mense vermy die plek. Maar hy is nie bang nie.

Hy kyk rond oor die vallei. Die verlatenheid van die klowe en rante word beklemtoon deur die lang skaduwees. Die groen gras waai sag in die laatmiddag wind.

Die son is besig om te sak. Soos normaalweg elke dag. Doron skud sy kop verslae. Hy sukkel om alles te verstaan. Hoekom moes alles juis so uitwerk vir hom? Hy wonder of hy dit ooit sal uitpluis.

Sy staf kap teen iets hard. Hy buk vinnig, krap rond in die grond en sug verlig. Die Amalekiet spiespunt in sy hand is al geroes, maar dit sal deug. Hy glimlag ingenome.

Klein Joshua sal so bly wees as hy nog iets by sy versameling kan voeg. Hier waar die veldslag was, is daar nog heelwat oorblyfsels van die vyf konings se nederlaag.

Die klein lewendige mannetjie dring daarop aan dat sy pa gereeld vir hom nog ‘n kleinood saambring uit die veld.

Soos altyd lig hy sy staf na die verdwynende son. “God is met ons. Ons sal nooit vergeet nie.” Sy stem is skor, ‘n traan wiggel weereens in sy oog. Hy vee dit ergerlik af met sy hand se agterkant. Tyd om huis toe te gaan.

Leila en sy seuntjie wonder al seker waar hy so draal.